

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 21 - nr. 28.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

11 Julie 2021

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik 'n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

ELEKTRONIESE OORDENKING: Dr. Petrus Venter

- 9h00

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Johannes 13:31 – 14:14

Teks: Johannes 14:6

Sing- VOORAF SANG: Sb 12-3

TYDENS OORDENKING: Ps.89:1,6;

Ps. 19:4,5; Ps. 25:2,3,6; Ps. 138:1,4

**EK IS DIE WEG,
DIE WAARHEID EN DIE LEWE**

Vooraf sang: Sb. 12-3 (Albei die verse)

Skriflesing: Johannes 13:31 – 14:14


Teks: Johannes 14:6

**Tema van oordenking
EK IS DIE WEG, DIE WAARHEID
EN DIE LEWE**

Ons leerprediking sal eers weer op latere datum hervat. U sal in kennis gestel word wanneer ons weer daarmee sal voortgaan.

KOLLEKTES

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

MEELEWING

- Ons is in 'n tyd van groot verslaenheid en hartseer. Sr Marietha Calitz, br Louis Calitz is albei in die week oorlede, waar hulle seun verlede week ook aan Covid oorlede is. Ons bid dat die Here deur sy Heilige Gees elke een sal troos en sal dra in wat ons besef hoe swak en nietig ons in onself is. Die woorde van Psalm 89:17 berym spreek tot ons elkeen ... *Gedenk o Heer, hoe swak ek is; hoe kort van duur, hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur/ Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie?/ Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie, Skenk ons u guns o Heer; help ons in donker stonde/ na u belofte aan Dawids huis verbonde.* Br Louis se dienswerk as koster en die nougesetheid waarmee hy en sr Marietha in hulle kerkgang en voorbeeld in hierdie gemeente gedien het, sal onthou word. Die besonderhede rondom die troosdiens wat nog moet plaasvind sal ons later eers die inligting kan verskaf.
- Sr Ronel v/d Walt se pa in Barrydale is ook die afgelope week oorlede. Ons dink ook aan haar, br Johan (Mangaan) en hulle familie in hierdie tyd. Mag die Here sy troos ook aan hulle skenk.
- Oudl. Ferreira Meyer wat positief vir Covid getoets is, bid ons volkome herstel toe. Ons vertrou hy volkome mag genees en die Here hom ook hierdeur sal dra.
- Oudl. Rassie Erasmus bid ons volkome herstel toe na hy aan sy knie geopereer is.

VERJAARSDAE

Dinsdag – 20 Julie Rassie Erasmus

Dinsdag – 20 Julie Madré Erasmus

Vrydag - 23 Julie Nelize Boshoff

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang vanaf 1 Maart – 9 Julie 2021	R256 341-00
Gemiddeld per besoekpunt per maand	
Werklike uitgawes vanaf 1 Maart – 9 Julie 2021	R454 811-11
Tekort	R85 683-02
Ramings per lidmaat per jaar	R543-29

Voorsitter is oudl. Lukas Potgieter (079 695 0555)

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Laerskool-kategese Die rooster vir 2021 is opgestel en kan by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> afgelaai word. Al ons lesmateriaal (*Laat my lammers wei en die dele uit die Kategismus*) wat die Laerskool hierdie jaar behandel is by die skakel <http://bit.ly/2KhypYe> opgelaai. **Ons vertrou dat u as ouers in die tyd met u kinders die katkisasiewerk sal byhou. In die tyd sal daar nie katkisasie by die kerk kan wees nie.**

Hoërskool – kategese Ons het gevorder tot by Les 33, die laaste les in ons handboek ... Die 5 jongmense wat aangedui het hulle graag hierdie jaar belydenis van geloof wil aflê sal ons na die wintervakansie ook so 2/3 Saterdag fisies saamkom vir die laaste afronding en vrae wat daar nog mag wees. Nader aan die tyd sal ons die moontlike datums deurgee.

BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>

Ons Bybelstudies tans in die gemeente handel oor verskillende gebede in die Here se Woord. Dit word elektronies deur ons YouTube kanaal gedoen. U kan op YouTube gaan en soek na die Gereformeerde Kerk Postmasburg. Al die vorige opnames is daar beskikbaar. Die laaste gebed wat ons behandel het, staan in Handeling 8:1-25. **In wat hier staan beseft ons die werk van die Heilige Gees kan nie goedkoop gemaak word nie! Hierdie gedeelte wys ook hoe belangrik dit is dat ons 'n Gees-ervulde kerk moet wees ... Die Bybelstudie kan afgelaai word by <https://youtu.be/xUZo6kTaM9M>**

HUIS JAN VORSTER (HJV)

Daar is in hierdie tyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep. Die Dorkas Susters wil elke suster wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het. Ons is dankbaar dat ons diakonie ook weer 'n bedrag aan HJV in die tyd oorbetaal het.

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND) EN KATEGISMUS-PREDIKING

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>.

Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

Daar is dele naby Postmasburg wat die stasie op die frekwensie 107.5 wel opgevang word.

Die program begin Sondag om 17h00 op die skottel by kanaal 887.

Sondag-aande is daar ook prediking vanuit die Kategismus wat deur verskeie leraars hanteer word.

VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na www.vsod.co.za. Op Facebook kan u gaan na bit.ly/2OoU0nf

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Volgende Diakonievergadering – 8 Augustus 2021
Kerkraadsvergadering- 11 Augustus 2021

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg
Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert@webmail.co.za
Admin Beampte	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Vakant		
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	
Kollekte:	
Kollektes by deure	
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782

Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za



Snap here to pay

SnapScan